

Dinsdag 26 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 1:4-8; HK Sondag 19, Vraag 52

Fokusgedeelte: Openbaring 1:7

Die wederkoms van Christus

Wat sal gebeur op die dag van die wederkoms van Christus? Dit tref 'n mens dat die Skrif besonder sober is in sy uitsprake in dié verband. Tog word daar wel in die Skrif aanduidings gegee wat op dié dag sal gebeur. Dit spreek egter vanself dat as die Skrif praat oor dinge wat groter en heerliker is as wat 'n oog gesien, 'n oor gehoor en in die hart van die mens opgekom het (1 Kor. 2:9), hy dit nie anders kan doen as in menslike woorde en begrippe nie. Daarmee sal die grootheid en heerlikheid van die gebeurtenisse egter nooit ten volle weergegee kan word nie.

Op grond van wat ons in die Skrif lees, kan ons die gebeure op dié dag min of meer so voorstel: Voorop staan die wederkoms van Christus. Hy sal kom op die wolke van die hemel. Dit word so voorgestel asof die wolke die voertuig is waarmee Christus kom (Op. 14:14). Hy sal duidelik sigbaar en kenbaar wees vir al die mense. Dit word uitdruklik gesê in Openbaring 1:7: *“Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het.”* Christus se koms sal dus nie 'n geestelike, onsigbare wederkoms wees nie, maar 'n liggaamlike, sigbare wederkoms. By sy hemelvaart het die engele immers aan sy dissipels gesê dat Jesus eenmaal weer net so sal kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het (Hand. 1:11). Hoe dit moontlik sal wees vir almal om Hom te sien met sy wederkoms, gaan ons verstand te bowe. Ons moet alleen gelowig aanvaar wat die Skrif sê en besef dat God dit wel so kan beskik dat al die mense op die aarde Hom dan sal sien.

As Christus weer kom, sal dit met majesteit, glans, skittering en heerlikheid wees en Hy sal omring wees deur 'n magtige stoet van engele uit die hemel (Matt. 13:41; 1 Tess. 4:16; 1 Tim. 6:14-16; Tit. 2:13). Sy koms sal ook duidelik aangekondig word, want Paulus sê: *“Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal”* (1 Tess. 4:16). Die teken by die koms van die Here is dus tweeledig: die stem van die aartsengel en die geklank van die trompet van God. So sal al die mense gedwing word om op te kyk na Hom wat kom op die wolke van die hemel.

Almal sal Christus sien: sy vyande en dié wat Hom letterlik of figuurlik gekruisig het met skrik en ontsteltenis; sy kinders en almal wat Hom liefhet met blydschap, dankbaarheid en troos. So sal die wederkoms van Christus die laaste en hoogste trap van sy verhoging wees.